

## 16 Junie      Johannes 3:14-21

(Teks: 3:16)

### ***Leef God se liefde uit deur om te gee***

Paasnaweek bring druk verkeer en talle ongelukke waarin honderde mense jaarliks sterf. Dit bring pyn en droefheid. Dit was nooit die Here se bedoeling met Paasnaweek nie, want in die koninkryk van God het daar met die eerste Paasnaweek lewe gekom.

Daar was ook 'n sterfgeval. Op "Goeie Vrydag" het die Seun van God gesterf. Daar was ook droefheid - die vroue het oor Hom gehuil. Maar sy dood was anders - dit het lewe gebring. Hy het die kruisdood gesterf sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

God het dit so gewil omdat Hy die wêreld so liefgehad het. Sy liefde het dus lewe gebring, ewige lewe, vir elkeen wat in Hom glo. Dit bring mee dat elkeen wat glo ook 'n opdrag het. In Joh. 15:12 lees ons: *"Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet."* Ons moet wys dat ons vir mekaar omgee. "In nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself", (Fil. 2:3). Die Heilige Gees werk hierdie gesindheid van Jesus Christus in ons om dit te doen.

Baie van die smart in die wêreld en van die motorongelukke wat plaasvind is daaraan te wyte dat mense nie vir mekaar omgee nie, omdat hulle die liefde van God nie ken of dit nie uitleef nie. Laat ons dan wat die liefde van God leer ken het dit aan mekaar en aan die wêreld bewys deur om te gee.

Sing Skrifberyming 33:1

Ds. J.B. du Plessis (Heilbron)